# Die Godsdiensklousule in die Suid-Afrikaanse Hoër Onderwyswetgewing

Die eerste stuk wetgewing op die gebied van die hoër onderwys in die eintlik sin van die woord het in Suid-Afrika gekom in die laaste kwart van die liberalistiese neëntiende eeu.

Voor 1873 was daar in Kaapland slegs enkele sg. Kolleges wat opleiding verskaf het vir leerlinge in meer gevorderde middelbare onderwys. Ek noem veral die Suid-Afrikaanse Kollege in Kaapstad, waaruit eventueel die Universiteit van Kaapstad ontwikkel het.

In 1858 is aan die Kaap 'n liggaam in die lewe geroep om die meer gevorderde eksamens af te neem. Dit was die Raad van Eksaminatore. Maar teen 1870 het die Raad al minder en minder aan die behoeftes van die hoër onderwys voldoen. In die Kaapse Parlement is toe aan die hand gedoen dat 'n selfstandige inrigting met die status van 'n universiteit in Kaapland tot stand gebring moet word. 'n Kommissie van ondersoek is benoem om in te gaan op die wenslikheid, aard en inrigting van so 'n stigting. Twee meningsrigtings het na vore getree: een groep wou 'n doserende universiteit in Kaapstad gestig sien, 'n ander groep was tevrede met die stigting van 'n eksaminerende universiteit, aangesien die doseerwerk deur die selfstandige Kolleges verrig kon word. Die tweede meningsrigting het oorwin. Aan die

Kaapse Prokureur-Generaal ,die heer J. H. de Villiers (die latere eerste Uniale Hoofregter) is toe opgedra om 'n wetsontwerp op te stel. Sy opdrag was om wetgewing te formuleer vir 'n eksaminerende universiteit volgens die model van die Universiteit van Londen, soos dit toe saamgestel was en gefungeer het.

Mnr. de Villiers was self 'n voorstander van die neëntiende-eeuse liberalisme op die gebied van die hoër onderwys. Vir sy wetsontwerp het hy die Royal Charter van die Universiteit van Londen (uitgawe 1863) as gids geneem.

In die Royal Charter kom daar in verband met ons onderwerp twee belangrike stellings oor. In Klousule 2 lui dit dat Haar Majesteit met die oog op die bevordering van die godsdiens en die sedelikheid en die vooruitgang van nuttige kennis aan alle klasse en denominasies van haar getroue onderdane, sonder enige onderskeid hoegenaamd, 'n aanmoediging gee tot die strewe na 'n gereelde en liberale opvoedingskursus. In Klousule 18 word gesê dat dit vir die Kanselier, Onder-Kanselier en lede van die Universiteit onwettig sal wees om op enige persoon enige verpligte godsdienstige eksamen of toets toe te pas. Die Royal Charter het dus 'n Godsdiensklousule behels.

Prokureur-generaal De Villiers het die Kousule in sy wetsontwerp met 'n breër omskrywing ingesluit. In die University Incorporation Act, No. 16 van 1873, waardeur die University of the Cape of Good Hope tot stand gekom het. lui Klousule XXIV so: „No religious test shall be administered or proposed to any person in order to entitle him to be admitted as an undergraduate of the University of the Cape of Good Hope, or to hold office therein, or to graduate thereat, or to enjoy any advantage or privilege thereof."

Hierdie Klousule het die hoër onderwys tussen 1873 en 1916 beheer.

Toe met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika die hele vraagstuk van die hoër onderwys weer ernstig onder die aandag gekom het, is die gedagte pertinent na vore gebring dat in Suid-Afrika ook doserende universiteite gestig moet word. Op die wyse sou een of meer van die bestaande Kolleges, ook genoem Universiteitskolleges, selfstandigheid as universiteite verkry. Langsamerhand het dit duidelik geword dat naas die bestaande eksaminerende universiteit (in 'n gewysigde vorm) daar twee doserende universiteite sou kom—Kaapstad en Stellenbosch. Eventueel is in 1916 wetgewing ingedien en aange-

neem dat daar twee selfstandige, doserende en eksaminerende universiteite sal wees—Kaapstad en Stellenbosch—en een federale eksaminerende Universiteit met 'n aantal doserende Saamstellende Kolleges.

Vir al drie die universiteite is 'n eensluidende Godsdiensklousule ingevoeg in die afsonderlike Wette. In die Wet van die federale Univerteit—die Universiteit van Suid-Afrika met sy Saamstellende Kolleges—lui die Klousule (No. 25 van die Wet No. 12 van 1916 bv.): „Niemand mag op enigerlei wijze aangaande zijn godsdienstige gezindheid getoetst worden als voorwaarde om gegradueerde van de Universiteit, of professor of lector, docent of student van die Universiteit te worden of blijven of om daarin een ambt, emolument of voorrecht te bekleden of te genieten, zullende tevens aan niemand de voorkeur gegeven of een voordeel onthouden worden op grond van zijn godsdienstige gezindheid."

Dit is hierdie Klousule wat deur die Algemene Sinodale Kerkvergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1918 bestempel is as die „Gewetensklousule," waarteen die Kerk ernstige besware het.

Die vraag ontstaan waarom die Gereformeerde Kerk hom nou eers pertinent uitspreek teen die Hoër Onderwyswet. Klousule 25 van Wet No. 12 van 1916 is tog in wese niks anders as Klousule 24 van Wet No. 16 van 1873 nie.

Die antwoord op die vraag is duidelik. Met die stigting van die Teologiese Skool in 1869 is ook 'n Literariese Departement begin. Hierdie Departement het al gou studente begin oplei vir die grade van die ou Kaapse Universiteit. Met die nuwe wetgewing na unifikasie het die gevaar ontstaan dat die studente van die Literariese Departement op die vlakte sou kom, aangesien dit geen Saamstellende Kollege ooit kon word nie, omdat dit deel uitmaak van die Teologiese Skool.

Op die Sinode van 1913 is reeds ernstig oorweeg die wenslikheid om subsidie van die Regering vir die Literariese Departement te verkry en die bepaling van die weg waarop so 'n subsidie deur die Kuratore aanvaar kon word. Die aanvraag om subsidie het nie geskied omdat die Kerk in sy finansiële ondersteuning te kort geskiet het nie maar om op so 'n wyse die weg vir die studente te baan om deel te neem aan die eksamens van die Staats-Universiteit, soos blyk uit 'n besluit van die Sinode. Die owerheid moet genader word om die studente van die Teologiese Skool die reg te laat behou om die Staatseksamens af te lê.

Die Sinode van 1916 was verplig om verder deur te tas. Dit word nie meer 'n saak van blote subsidie nie maar ook een van affiliasie en

samewerking, maar alleen op so 'n wyse dat die medeseggenskap van die Kerk, veral tot handhawing van sy beginsels, bewaar bly.

Toe die nuwe wette in 1916 aanvaar is, het die Kerk besef dat sy Literariese Departement alleen en verlate gaan staan: sy studente sou nie onder die universitêre stelsel ingeskakel word nie. Die Literariese Departement kon geen Saamstellende Kollege van die Universiteit van Suid-Afrika wees nie!

Op 4 April 1918 het die drie universiteite in werking getree, en toe het die ernstige posisie van die student van die Teologiese Skool kritiek geword. Die Kerk was genoodsaak om 'n vervroegde Sinode in Augustus 1918 oor die universiteitskwessie te belê. Daar was vir die Kerk vier moontlike weë met sy Literariese Departement oop: affiliasie met die Pretoriase Kollege, amalgamasie met die Bloemfonteinse Kollege, inkorporasie as Saamstellende Kollege van die Universiteit van Suid-Afrika, oprigting van 'n Vrye Universiteit van Suid-Afrika. Die eerste drie het ingehou onderwerping aan die Godsdiens- of Gewetensklousule; die vierde weg sou onafhanklikheid beteken maar die onafwendbare gevaar van nie-erkenning!

Die Sinode kon nie een van die weë kies nie, en dit het besluit om maar subsidie aan te vra onder die voorwaarde dat die Literariese Departement volkome van die Teologiese Skool afgeskei sou word.

Die Owerheid het dit toegestaan en op 1 April 1919 het tot stand gekom die P.U.K. vir Kristelike Hoër Onderwys. Die steun van die Owerheid sou egter net vir 'n bepaalde tyd geld. Binne vier jaar moes die Kerk die een of ander kant toe besluit. Op 21 Mei 1919 het die Kuratore die Statute van die P.U.K. vir K.H.O. goedgekeur. Klousule 9 lê dit neer: „Die Raad is gerechtigd en verplicht om . . . alle leden of ambtenaren van de Kollegestaf aan te stellen . . . met dien verstande echter dat bij de aanstelling van leden of ambtenaren van die Kollegestaf alleen zorg zal gedragen worden dat het kristelik karakter van het Kollege gehandhaaf wordt, zonder aanwending van een dedominationele toets", en in Klousule 11 word gestel: „De Raad stel . . . . zodanige regels en verordeningen op voor . . . de toelating van studenten geen godsdienstige toets zal gelden".

Die ondersteuners van die P.U.K. vir K.H.O. wou dus twee sake in 'n Gewetensklousule verseker: (a) die handhawing van die Christelike karakter deur die benoeming van die regte personeel, en (b) die toelating van studente sonder godsdienstige toets.

In September 1920 is die Sinode weer eens dringend byeengeroep om nou finaal oor inkorporasie te beraadslaag. Die P.U.K. vir K.H.O. moes eenvoudig ingelyf word as dit moes voortbestaan. Die Sinode het voor twee moeilikhede gestaan: die inlywing kon geskied alleen onder Wet No. 12 van 1916 met sy Gewetensklousule en met weglating uit die amptelike naam van die beskrywende „vir K.H.O.". Na langdurige beraadslaging en bespreking en met 'n beswaarde gemoed het die Sinode by groot meerderheid van stemme inlywing by die Universiteit van Suid-Afrika goedgekeur.

Daarop is Privaat Wet No. 25 van 1921 deur die Owerheid aanvaar en is die Kollege geïnkorporeer by Proklamasie No. 102 van 1921 as die Potchefstroomse Universiteit Kollege (P.U.K.)

Dit was 'n verstandige stap van die Gereformeerde Kerk: die Kollege is behou maar die weg tot volkome herstel van sy Christelike karakter het moeisaam voorgelê.

Die Kerk het in sy verteenwoordiging op die Kollegeraad 5 lede gehad uit 'n 12-tal. Met die Rektor en die lede gekies deur die Donateurs en Oudstudente (3) kon die Gereformeerde gemeenskap beskik oor 8 uit die 12 lede. Hierdie Raad het dan ook gesorg dat die Christelike karakter van die Kollege gehandhaaf bly deur die benoeming van personeellede wat belydende Christene is maar sonder enige kerklike of denominasionale toets.

Die Raad het verder ook in samewerking met sy Rektor en Senaat bly voortwerk in die rigting van die verkryging van die volle naam en van 'n vrystelling van die sg. Gewetensklousule. Die P.U.K. is in sy poginge ook sterk gesteun deur die Gereformeerde Kerk en deur Christelike organisasies (eers die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, later die Kristelike Unie en sy opvolgers). So het die Kristelike Unie in 1928 'n brosjure uitgegee „Die Gewetensklousule in ons Universiteite en die Groepbeginsel".

In 1933 het die P.U.K. sy eerste besliste vordering gemaak op die weg van akademiese vryheid, toe hy by Privaat Wet die volle naam teruggekry het: P.U.K. vir Christelike Hoër Onderwys.

Maar die Kollege het tog wel bly voortwerk onder die skadu van die Godsdiensklousule van Wet No. 12 van 1916. Solank die P.U.K. vir C.H.O. 'n Saamstellende Kollege van die Universiteit van Suid-Afrika (vir wie Wet No. 12 van 1916 gegeld het) sou bly, sou daar geen verwydering van die Klousule kom of kon kom nie.

Die geleentheid is egter gebied en ten volle benut, toe die P.U.K. vir C.H.O. in 1950 sy eie Wetsontwerp voor die Parlement kon lê om erkenning as 'n volwaardige en selfstandige universiteit. Die Here—dit moet ons heelhartig bely—het dit so beskik dat toentertyd 'n Owerheid in ons land gestaan het wat belyers was en vandag nog is van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

Die Wetsontwerp is voor albei huise ingedien. Dit het alles vlot verloop tot die Klousule wat die Christelike karakter van die Universiteit sou waarborg. Daar was besware maar die Parlement het uiteindelik goedgekeur dat in ons Privaat Wet (Wet No. 19 van 1950) die volgende Klousule 31 kon bly staan: „(1) Die Raad moet by die benoeming van doserende, navorsende en administratiewe personeel sorg dra dat die Christelike karakter van die Universiteit gehandhaaf word: met dien verstande dat geen denominasionale toets toegepas word nie as voorwaarde om 'n graad aan die Universiteit te verkry of te behou of om 'n professor, navorser, lektor, dosent of lid van die administratiewe personeel aan die Universiteit te word of te bly, of om daarin 'n amp te beklee of besoldiging te ontvang of 'n voorreg uit te oefen nie. (2) Niemand word op grond van sy geloofsoortuiging verhinder om 'n student van die Universiteit te word of te bly of 'n graad daar te verkry of te behou nie".

J. CHR. COETZEE.